Tjokkie WEEKBLAD

16 Oktober 2026 Uitgawe: 2/4/2026

UIT DIE KANTOOR

Week 2 van die kwartaal is verby en daar is reeds al ‘n klompie aktiwiteite afgehandel. Beide die Gr. 6- en Gr. 7-leerders is veilig terug van hul uitstappies na Drakensville en Moolmanshoek. Baie harde werk lê nog voor wat die akademie betref. Personeel werk hard om deur die kwartaal se werk te kom. Ongeag die kort akademiese kwartaal het ons steeds ’n besige buitemuurse program wat gevolg word.

Kermis:
My opregte dank aan elke ouer en onderwyser wat gehelp het om verlede Vrydag se kermis ‘n sukses te maak. Alhoewel ons baie teleurgesteld was dat die *“Giant Bounce Gotham Inflatable”* nie deel van ons planne kon wees nie, was daar egter heelwat ander springkastele en vermaak wat die kinders kon geniet.

Let wel, leerders wat ‘n bandjie gekoop het om op die oorspronklike *“Giant” springkasteel* te speel, sal volgende week ‘n addisionele bederf ontvang om die waarde op te maak. Ons het rekord van hierdie leerders.

Akademie:
Eerskomende Maandag word die Top 20 akademiese presteerders aangekondig. Ons gee ook erkenning aan leerders wat progressief gevorder het vanaf kwartaal 2 tot kwartaal 3. Ons het dit doelbewus met ‘n week aangeskuif aangesien die Gr. 6- en Gr .7-leerders nie hierdie week by die skool was nie.

Die finale akademiese top 10 presteerders vir die jaar sal tydens die prysuitdeling bekend gemaak word.

NET WEER DIE DATUMS VIR DIE ONDERSKEIE PRYSUITDELINGS:

Maandag, 9 November:	Graad 6/7	Prysuitdeling	18:00
Dinsdag, 10 November:	Graad 1	Prysuitdeling	11:00
Dinsdag, 10 November:	Graad 2/3	Prysuitdeling	18:00
Woensdag, 11 November:	Graad 4/5	Prysuitdeling	18:00


Begrotingsvergadering:

Sien aangehegte kennisgewing rakende Begrotingsvergadering

BELANGRIKE DATUMS

16 Okt.:	Brandfort Snelgala
19 Okt.:	Tennisliga vs Eunice
	o/9 Krieketliga
20 Okt.:	o/11 Krieketliga
21 Okt.:	Tennisliga vs WP & PBS
22 Okt.:	o/13 Krieketliga
23 Okt.:	Tjokkie Blitsgala @ H/S Sentraal
	TiC-Dagkamp

VERJAARSDAE



16 Okt.:	Juf. Jené Smuts
23 Okt.:	Juf. Elsabé Claassen (Kleuterskool Hoof)

ANDER

Tjokkies presteer nie net op die veld en op die bane nie. Ons is baie trots op die volgende twee leerders van Tjokkies wat aan die **ATKV se Nasionale Spelkompetisie in Pretoria** deelgeneem het. Baie geluk aan Amari Holtzhauzen wat tweede eindig en Andréas Rossouw wat onder die top 8 eindig.

Ons is ook baie trots op ons onderhoofdogter, Lia Janse van Rensburg, wat ‘n derde plek verower het by gister se **Interskole Redenaarskompetisie**. Dit nadat sy 30 min vroeër van die Gr. 7-toer af teruggekom het.

Tennis

Die volgende leerders is in hul onderskeie ouderdomsgroepe verkies om Mangaung Tennis te verteenwoordig:

o/13 Seuns

MC Schimper

Janez Beukes

Ihan Herbst

Jacques Maartens

Ethan du Toit

Neil Loftus

Liam Loftus

o/10 Seuns

Logan Steyn

Hardu Schimper

Ons is baie trots op al hierdie leerders!

Beskerm die Woord

“Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe in oorvloed kan hê.”

JOHANNES 10:10 AFR53
Jesus is die Goeie Herder wat Sy kudde lewe gee deur geloof in Hom. Jesus Homself is die ewige lewe:
- "Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe” (JOHANNES 14:6 AFR53).
- “En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.” (JOHANNES 17:3 AFR53)

Teenoor dit is die dief wat lewe steel, doodmaak en verwoes. Hy doen dit deur waarheid (God se Woord) te steel en sodoende geloof dood te maak in ons harte. Lewe word verwoes wanneer geloof dood is. ("...sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” JOHANNES 3:16 AFR53)

Die dief verwys na enige iets of iemand wat ons weerhou van God se waarheid en geloof in Hom. In die gelykenis van die saaier (Mattheus 13), het voëls (die Bose), rotsagtige plekke (swaarkry) en dorings (bekommernis en verleidelikheid van rykdom) die saad (woord) verstik en doodgemaak.

Hoeveel te meer moet ons die geleenthede uitbuit om meer kere God se woord te hoor en te beskerm. Die Saaier is getrou om saad te saai op verskillende plekke; nie net op vrugbare grond nie.

Kom ons hou aan om Woord-tye te prioritiseer: daaglikse persoonlike stiltetyd, gesamentlike skriflesing en gebed in skoo-l en werksverband, TIC-periodes op Woensdae, Sondag kerk en kinderkerk, selgroep-geleenthede ensovoorts.

“Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.
Nogtans moet die Woord van die Here bekendgemaak word. Mense kan net tot geloof kom as hulle die Woord hoor. Daarom maak ek die boodskap van Christus oral bekend sodat mense ’n kans kan kry om dit te hoor.”

Romeine 10:17 DB & AFR53

SKRYFBEHOEFTES

vir Eersteling Skool

Kom ons maak 'n verskil!

Ons samel nuwe of gebruikte skryfbehoeftes in vir die leerders van Eersteling Skool.

Voorbeelde:

- Potlode
- Kleure/Kleurpotlode
- Ultveërs
- Liniale
- Skerpmakers
- Skêre
- Gom
- Penne
- Notaboeke
- ENIGE ander skryfbehoeftes



laaste dag om te bring:

28 Oktober!

Waar inhandig?

GFS by juf Leandri

IMF by juf Hanlie

Kom ons wys hoe lyk ons TJOKKIE harte lyk